

# trinitas

## 1 Verlos

*Baie welkom by Trinitas!*

*Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.  
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

**SONDAG, 18 SEPTEMBER 2016**

**OGGEND 09:00**

### MY Belydenis

Teks: Joh. 20:24-31

Oorsig

Hoekom glo jy in God die Vader, Seun en Heilige Gees? Is dit iets waarmee jy maar grootgeword het, of is God se genade-krag die werklikheid waarmee jy saamleef? Ons het verlede week gekyk na die doop en gesels vandag verder oor wat dit is om persoonlik jou geloof te bely en wanneer mens daarvoor ryp is.

**AAND 18:00**

### Gemeenskapsaand – proe die proses

As gestuurdes verstaan ons nog min van hoe om evangeliserend in ons omgewing in te tree en om saam met die Gees mense tot bekering te lei. In vertroue het ons al reeds hierdie jaar oor die gemeenskap geleer en gedink by ons gemeenskapsaande. Vanaand vat ons dit verder deur saam so 'n geleentheid te "proe." Ons gaan saam iets eet en drink, en tussendeur saamdink oor die raamwerk van hoe ons op hierdie gasvrye manier werklik kontak kan maak met die gemeenskap. Ons gaan dus saam 'n proefneming maak van hoe ons tot 'n seën vir ons gemeenskap kan wees en so hulle met die evangelie te bereik.

Preke beskikbaar in klank en teks by: [www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)

## PROGRAM VIR DIE WEEK

### Dinsdag, 20 September

Bybelstudie 18:30  
(Stinkhoutsingel 18)  
Bybelstudie 19:00  
(Carterstraat 16)

### Woensdag, 21 September

Oggendbybelstudie 09:15

### Vrydag, 23 September

Manne-oggend 05:45

### **SONDAGAANDE: 3DE KWARTAAL**

Datum	Geleentheid
18 Sept.	Gemeenskapsaand
25 Sept.	Toerustingsgeleentheid



## 2 Familie

### LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Jack vd Schyff (Alta ☎0832303592) is die afgelope week oorlede. Ons dra Alta en familie in ons gebede op. Die troosdiens was reeds Vrydag.
- Hans Botes (☎0823350100) is ontslaan uit die hospitaal.
- Chris Vermaak (☎0824572091) is ontslaan uit die hospitaal.
- Karin Janeke (☎0833911913) gaan môre vir 'n nekoperasie in Cormed.
- Toekie van Wyk (☎0797766550) gaan Vrydag vir 'n inspuiting in haar oog.
- Marie Coetsee (☎0763787531) is in Sebokeng hospitaal met 'n maagseer.
- Dit gaan tans glad nie goed met Linda Duvenage (☎0837387368) wat chemo-behandeling ondergaan nie.
- Hennie Kruger (☎0721243155) sterk tuis aan nadat hy in die hospitaal was.

**Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.**

### VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

18/09	Alfred Postma	☎0823357639
19/09	Anrie Geldenhuys	☎0846023565
20/09	Tiaan Bosman	☎0762289803
20/09	Bella Plaatjies	☎0834909746
23/09	Wikus Niemand	☎0725928029
23/09	Adri Vorster	☎0829057116
24/09	Jacoba Crouse	☎0169873030
24/09	Klein Harmse	☎0169320023
24/09	Wendy van Tonder	☎0836325074
24/09	Markus Venter	☎0169821507

### SPEZIALE VERJAARSDAE

Geen

## HUWELIKSHERDENKINGS

19 Sep.	Rudolph en Marthie Pieterse ☎0760382319	18 jaar
20 Sep.	Jack de Bruyn en Susan Kennedy ☎0823875377	1 jaar

### SPEZIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)

*Die gemeente sing Sondag 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besondere mylpale te bereik.*

### BYBELSTUDIES

**Dinsdae om 18:30.** Stinkhoutsingel 18.

**Dinsdae om 19:00.** Carterstraat 16.

**Woensdae om 09:15** by die kerk.

### NUWE BYBELSTUDIEGROEP

Dinsdagaande om 18:30 by Stinkhoutsingel 18. Ons is tans besig met Efesiërs. Enige belangstellendes is baie welkom. Kontak Christa ☎0798779882.

### ATTESTATE/BEWYSE

Word afgekondig.

### HUISBESOEKFORMS

Indien jy huisbesoek wil ontvang deur 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi 'n huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie in die saal of **Die Helper** se kassie by die hoofingang.

### NUWE LIDMATE

Die diakonie is tans aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en skryf asb. al jou besonderhede in die boek by die Welkomhoekie in die saal.

## VERJAARSDAGTEE

Vanaf 2016 vier ons graag almal in Trinitas se verjaarsdae. Ons beplan 'n verjaarsdagtee vir elke kwartaal en vra elkeen wat in die betrokke kwartaal verjaar om 'n bordjie eetgoed vir die tee te bring. Groete: Gasvryheid-diensgroep Verjaarsdagtee-datums vir 2016:

**Datum:** 23 Oktober  
**Wie bring eetgoed:** 1 Oktober-31 Desember

### JOU KIND EN SOSIALE MEDIA

Facebook, WhatsApp, YouTube, Twitter, Pinterest, Foursquare, Tumblr, Instagram. Dis onmoontlik om jou kind te begelei deur 'n wêreld waar jy nog nooit was nie. Jy ken waarskynlik net drie van die name hierbo. Net omdat jy dit gehoor het, nie noodwendig omdat jy weet hoe dit werk nie. Jy hoor ook allerhande wolhaarstories maar weet nie self hoe om die situasie in jou huis te benader nie. Sosiale media sluit 'n wêreld van gevare oop, maar ook 'n wêreld van geleenthede. Kom ons gesels saam, deel saam raad en dink as ouers oor hierdie nuwe wêreld waarvan ons kinders meestal meer as ons weet. Ons gaan ook kyk na praktiese hulpmiddels soos webtuistes, toepassings en ander planne wat jou kind veiliger kan maak in die wilde weste van slimfone en die internet. Bring gerus jou kind(ers) saam en ook enige ander persoon wat sou belangstel.

Sondag, 25 September 18:00.



## Dienskneg

### ORRELBEGELEIDING

09:00 – Nannes vd Walt

## **OUDERLINGE AAN DIENS**

Corrie Botha, Dries vd Walt

## **DIAKENS AAN DIENS**

Dian Smith

## **KOSTER AAN DIENS**

Elsa Prinsloo

## **KOLLEKTES**

### **Onder die erediens vir Diakonale Kas**

18/09 – Ekumenisiteitsfonds

25/09 – Emeritaatsfonds

## **DATABORDDIENS**

Behartig deur die Tegnieese span

## **ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS**

Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na [preek@gktrinitas.co.za](mailto:preek@gktrinitas.co.za). (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, ☎0828111990, vir inligting. (*Preektekste sal Sondag na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees*).

## **OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD**

Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, stuur 'n versoek aan die kerkkantoor of aan Hennie Smit ☎0711063978.

## **GEHOORAPPARATE**

Dit kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

## **TEESKINK**

Vanoggend skink die Gasvryheid-diensgroep. Sondag, 25 September skink

Anita Markram se groepie. Gretha van Wyk ☎0764688963 is die sameroeper van die diensgroep.

## **PLEK OM JOU FAMILIE TE DIEN ...**

As jy graag Sondag wil help tee skink en nog nie by 'n groep ingeskakel het nie, is jy baie welkom! Skryf asb. jou naam in die saal op die Teeskink-diensgroep-plakkaat. Indien jy deel was van 'n groep wat ontbind het, kan jy ook jou naam opskryf. Ons sal jou by 'n nuwe groep indeel. Groete: Teeskink-diensgroep.

## **BEGRAFNIS-DIENSGROEP GROEI!**

Baie dankie aan elkeen wat by die Begrafnis-diensgroep aangesluit het na ons oproep tot hulp. Dankie vir die mooi reaksie en bereidwilligheid om te help! Die diensgroep het meer as verdubbel en daar is beslis ruimte vir nog groei. Kom sit gerus jou naam in die saal op om te help. So dien ons mekaar met Christus se liefde. Groete: Begrafnis-diensgroep

## **KINDER-EREDIENSBEGELEIDING**

Ons is baie opgewonde oor die ouers wat hulle kinders stuur om die begeleiding by te woon tydens die proeftydperk! Baie dankie. Ons gee graag terugvoer oor 'n paar tussentydse aanpassings wat ons glo dit nog meer effektief sal maak. Ons het meer kinders wat deelneem as wat ons verwag het en wil van volgende kwartaal af die kinders in drie ouderdomsgroepe verdeel: 3-5jr, 6-7jr, 8-10jr. Ons gaan met die twee jonger groepe eers fokus op die Bybelverhale. Dit gee hulle 'n basis om later meer uit die preke en die jeugkleingroepe te kan put. Hiervoor gaan 'n uitgewerkte lesplan gevolg word. Die 8-10 jariges hanteer

steeds die betrokke Sondag se preek wat na hulle vlak verwerk is. Die kinders gaan ook tydens die liefdegawe al terugbeweeg, geldjies vir 'n kollekte is dus nie meer nodig nie.

Dit beteken natuurlik dat ons meer mense benodig om te help! Enige persoon wat graag hier wil dien, kan na die ereediens met Corrie Botha of Petra Tromp kom gesels, ons sal voor in die kerkgebou beskikbaar wees.

Indien enige ouer verdere vrae het, of enige bydrae wil lewer, kontak gerus vir Petra Tromp ☎0823316151.

### **KLEUTERKERK**

Met die implimentering van die Kinder-erediensbegeleiding, is daar 'n besluit geneem om die voorskoolse katekisasie (kleuterkerk) wat gewoonlik na die ereediens, tydens jeugbediening, plaasgevind het vir eers te stop tot verdere kennisgewing. Ouers word aangemoedig om hul kinders na die Kinder-erediensbegeleiding tydens die ereediens te neem. Indien daar enige kommentaar op die besluit is, kan dit met Corrie Botha ☎0833047680 bespreek word.



Kontak André ☎0828592186 of Rochelle Moolman ☎0824544147



# **JEUGBEDIENING**

Bepanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag, 18 September:

### **Graad 1 – 3**

EENHEID 6: GOD HELP MY

*God se krag beskerm en help my*

Les 25: God sorg vir sy mense

EENHEID 7: LEER OOR GOD

*Om God se karakter te ken, help my elke dag*

Les 26 : Ragab glo in God

Les 27 : God stop 'n rivier

Les 28 : 'n Muur val inmekaar

Les 29 : Joshua word mislei

Les 30 : God maak 'n dag langer

### **Graad 4 – 6**

EENHEID 6: MOSES LEI DIE ISRAELIETE

*God se krag beskerm en help my as ek bang is*

Les 25: Die Rooi See

EENHEID 7: DIE ISRAELIETE REIS DEUR DIE WOESTYN

*Om God te leer ken, kan my help in my aksies elke dag en my verhouding met ander*

Les 26: Water uit 'n rots

Les 27: God gee tien reëls

Les 28: Aäron bou 'n goue kalf

Les 29: Die tabernakel

Les 30: Die koperslang

### **Graad 7 - 9**

EENHEID 4: LEËRINGE VAN JESUS

*Vertikaal – Ons verhouding met God*

Les 21: Geskenk deur God – Die talente

EENHEID 4: LEËRINGE VAN JESUS :

*Horisontaal – Ons verhouding met ander*

Les 22: Ons lewe in geloof

Sout en lig

Les 23: Vergifnis – die  
omgewingsgesinde dienskneg  
Les 24: Diens – die skape en bokke

### **Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)**

HK SONDAG 28 – 30: Verlossing  
(Sakramente)

*Belangrik om te onthou, is dat die graad 7 jeug van 2016 af ook sal deel vorm van die hoërskooljeug en daarom ook in die middae jeugkleingroep sal hê en nie meer Sondagoggende nie. **Neem kennis dat jeugkleingroepe vir Graad 7 – 12 Sondaes om 16:30 sal plaasvind.** Dit gee ons jeugleiers genoeg kans om behoorlik deur die lesse te werk en ook nog betyds te wees vir die aanddiens.*

**Ons benodig nog een persoon om volgende jaar te help met jeugbediening. Kontak André ☎0828592186 indien jy belang stel.**



**DIE HELPER** is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir lidmate wat bv. verswak het, bejaard is of enkellopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Vir hulp of raad, los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Jan van der Westhuizen ☎0844890144.

### **MEDEWERKERS (ons het nog medewerkers nodig!)**

Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennis-

gewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

### **VERSPREIDING VAN KLERE**

Lidmate wat wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang, kan Oom Faan en Tannie Jakkie Coetzee kontak ☎0829243284.

### **KRUIDENIERSWARE BENODIG**

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy van die volgende items aankoop (plaas skenkings in groot houer in die saal naby die kombuis): **Tandeborsels, Pilchards vis en blikkies tomatie en uie. (Plaas bydraes in die houer in die saal.)** Jolani Lourens ☎0823359586.


### **PROJEK – GROEIPYNE**

Trinitas-familie het 'n probleem waaroor ons baie bly is! Vanweë groeiende gebruik van die fasiliteite op die terrein benodig ons ekstra stoorplek sodat ons die bestaande lokale doelgerig kan gebruik. As spesiale projek wil ons graag 'n skeepsvragehouer (*container*) aankoop sodat hierdie momentum nie gekeer word nie. Die koste beloop ongeveer R25 000. Bydraes hiervoor, groot of klein, kan gemaak word in ons lopende rekening. Merk dit asb. as 'Groeipyne'.

### **TV SKERM BENODIG**

Die Toekomstspan is tans besig met 'n inligtingstoonbank vir die saal. 'n TV skerm word benodig. Die skerm gaan gemeente-inligting, asook die ou gemeentefoto's vertoon. Dit vorm dus deel van die Fotoprojek ook. Enige skenkings uit die gemeente sal waardeer word om dit moontlik te maak. Die koste

beloop R4 000 vir 40"LED TV skerm, met USB en HDMI poorte. Kontak Hardus Visser ☎082 821 5642.



### INKLEURBOEKE EN -KRYTE

Lynette Roelofse (☎0169337488) benodig voor die 10e Oktober ou inkleurboeke, -kryte en -potlode wat sy wil uitdeel onder die arm gemeenskap tydens hul vakansie. Dit kan by die kerkkantoor afgegee word.

### DR. FRANS MINNIE

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes**. Kontak die Kerkkantoor vir afspraak. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

## 4 Gestuur

### ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR

Kontak: Gert Visser ☎0834491036  
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

### EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS

Philip Snyman ☎0834681035,  
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of  
Christa Snyman ☎0798779882.



### Kontakpersoon:

Hardus Visser  
☎0828215642

### HERWINNING

Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal weksdae tydens kantoorure of Sondae by die herwinningsarea agter die katkisasie-lokale af. Daar is 'n werker wat dit uitsorteer. Maureen van Helden is die sameroeper ☎0823922093.

### TOELIGTINGSGELEENTHEDE – 4e KWARTAAL

16 Okt. - Kort aanbieding oor Uitreikdiensgroep

6 Nov. - Bekendstelling van die werk van die Gideons van S.A.

20 Nov. - Kerkplanting in Vereeniging  
Kontakpersoon: Gert Visser  
☎0834491036

### HERVORMINGSFEES, 30 OKT.

Op Sondag, 30 Oktober, word daar 'n Hervormingsfees aangebied by die kerkgebou van die Geref. Kerk Vereeniging. Aangesien gemeente- en psalmgesang tydens die Hervorming so 'n groot rol gespeel het, begin die verrigtinge reeds om 15:30 met 'n Psalmfees - met samesang, solo's en voorlesings. Na 'n kort tussenpouse sal die aand-erediens om 18:00 begin. Tydens die aanddiens sal die nagmaal ook gevier word. Hiervoor hoef lidmate van die gereformeerde kerke nie spesiaal aansoek te doen nie. Daar sal dus op 30 Oktober geen aandbyeenkoms by ons eie kerkgebou plaasvind nie en ons vra dat

julle asb. hierdie inisiatief van Vereeniging sal ondersteun.

Pieter van Helden ☎0839694472.



### BELANGRIKE DATUMS VIR SEPTEMBER

- 24 Sep. Erfenisdag
- 30 Sep. Skole sluit

### GKSA NUUS.

#### OP DIE KENNISGEWINGBORD

- Geopende Deure
- FEBA Radio Nuusbrief
- GK Jeugkatoornuus
- Cross Courier: GKSA tydskrif (Engels)
- Frankfort Riviertoe
- GK Brooklyn Eerstejaarskamp 2017
- GK Cachet Eerstejaarskamp 2017
- Skrywe oor Totius standbeeld

### KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA ([www.kruispad.net](http://www.kruispad.net)). Stuur 'n e-pos aan [kantoor@kruispad.net](mailto:kantoor@kruispad.net) indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

### ALMANAK 2017

Bestellings vir volgende jaar se Almanak kan op die lys by geel aansteekbord in die saal opgeskryf word. Koste: R75

### WERKSOEKENDES

(Indien jy werk benodig of wil aanbied, kan jy dit deurgee aan die kerkkantoor vir plasing in die nuusbrief).

- 'n Grondslagfase (Gr. R – Gr. 3) onderwyspos word benodig in Sasolburg, Vaalpark, Vereeniging of Vanderbijlpark.

Kontak vir Griffel ☎0823543726 indien jy weet van iets.

- Graad 8 Wiskunde klasse. R150 per uur. Elizma Powell ☎0792904140.
- James en Toetie Terblanche ☎0825723328 se huishulp, Kharoo, vir reeds 20 jaar lank, se Donderdagpos is vakant na die dood van haar werkgewer. Sy is uiters bevoeg, aangenaam, flink en betroubaar.

### TRINITAS-BOEK-HOEK

Franciska vd Merwe ☎0827818032.

### BYBELS EN PSALMBOEKE

Maak gerus gebruik van die Bybels en Psalmboeke in die voorportaal.

### KONTAK ONS

[www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)



**Kerkkantoor:** Elsabé Muller  
☎0169825017 / 0724874258

[kantoor@gktrinitas.co.za](mailto:kantoor@gktrinitas.co.za)

Faks no.: 086 219 5728

**Kerkkantoor:** Ma. tot Do.

Tye: 08:00 tot 13:00

Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)

**Skriba:** Gerrit van Wyk 0823328550

**Kosters:** Elsa Prinsloo 0794778699

Theuns Odendaal 0832561387

**Orrelis:** Nannes v.d. Walt 0833041841

**Bankbesonderhede van kerk:**

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark

Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

**Predikant:** Griffel van Wyk

☎0169324615 / 0823543726

**e-pos:** [griffel@gktrinitas.co.za](mailto:griffel@gktrinitas.co.za)



## **VOORGESTELDE VERNUWING IN PROSES OM JONG GELOWIGES TE BRING BY DIE PUNT VAN BELYDENISAFLEGGING**

Gelowige ouers lê 'n belofte af by die doop van hul kinders dat hulle die kinders sal onderrig en laat onderrig in die Woord van die Here en in die leer van saligheid. Wanneer so 'n kind tot die punt kom om belydenis van geloof af te lê, is dit wanneer hy/sy voel dat hulle die nodige kennis opgedoen het en 'n ware verhouding met die Here opgebou het sodat hulle self die verantwoordelikheid kan opneem om voor die Here te staan as gelowige. Hierdie is egter 'n besluit waarvoor die jong gelowige self verantwoordelik is en nie deur ouderdom, tyd of druk van vriende of ouers ryp gedruk mag of kan word nie.

Oor tyd het die kerk hom skuldig gemaak daaraan dat kinders deur die spreekwoordelike worsmasjien gedruk is tot by die punt waar hulle in Graad 11 kom en dan belydenis van geloof moet aflê. Dit het die norm geraak en is nie noodwendig meer gebou op geloofsrypheid en 'n ware dissipelsverhouding met die Here nie. Vir dié rede het die kerkraad deeglik besin oor die proses om jong gelowiges by die punt van belydenisaflegging te bring en word die volgende proses aan die gemeente voorgelê vir oorweging en kommentaar. Die gemeente word ook gevra om hieroor te bid sodat die proses met verantwoordelikheid oordink en geïmplementeer kan word.

### **Voorgestelde prosesse:**


Jeugbediening, toerusting en opleiding word aangebied van Graad 1 tot Graad 12 (soos reeds aangepas binne Trinitas). Op die stadium kan daar slegs in Graad 11 aansoek gedoen word om belydenis van geloof af te lê. Die voorstel is nou dat enige jong gelowige wat die begeerte het en voel hy/sy is reg om belydenis van geloof af te lê, reeds vanaf Graad 9 aansoek kan doen by die kerkraad om die volgende jaar deel te vorm van die belydenisklas. Die belydenisklas kan dus bestaan uit 'n groep mense van verskillende ouderdomme (van Graad 10 tot volwassenes). Die doel van die belydenisgroep is om almal voor te berei om belydenis van geloof af te lê aan die einde van die voorbereidingsjaar (soos tans die geval is). Die aansoeke om deel te vorm van die groep sal altyd aan die einde van die jaar plaasvind, om te verseker dat die belydenis voorbereiding aan die begin van 'n jaar 'n aanvang neem. Toelating tot die groep sal deur 'n paneel van die kerkraad hanteer word en indien dit so goedgekeur word, sal die jong gelowige opgeneem word in die belydenisgroep. Aan die einde van die jaar sal die ondervraging en goedkeuringsproses verloop soos normaal voordat die jong gelowige toegelaat sal word om belydenis van geloof af te lê. Wanneer die persoon egter belydenis van geloof afgelê het, sal hy/sy weer terugkeer na die res van sy/haar jaargroep wat voortgaan met jeugbediening tot en met Graad 12.

Die rol van die ouer is dus nou weer onontbeerlik om seker te maak hul kind kry die nodige ondersteuning, onderrig en leiding om hulle by die punt van belydenisaflegging te bring en dus so hul doopbelofte tot vervulling te bring. Aan die ander kant neem die jong gelowige hul eie verantwoordelikheid voor God en berus dit nie meer bloot op die feit dat hulle 'n sekere graad of ouderdom bereik het en nou belydenis van geloof moet aflê nie.

### **Wat verander:**

- Belydenisaflegging is nie gekoppel aan ouderdom of skoolgraad soos voorheen nie, maar aan geloofsrypheid en begeerte met die verstandhouding dat die jong gelowige minimum Graad 9 voltooi het.

- Die jong gelowige kan vanaf Graad 9 aansoek doen om in die belydenisgroep opgeneem te word en aan die einde van die daaropvolgende jaar belydenis van geloof aflê.
- Die jong gelowige beweeg terug na die normale jeugbediening na belydenisaflegging en vorm deel van die geloofsgemeenskap op hulle vlak soos dit hoort.
- Die kerk en gemeente verloor nie die jong gelowige nadat hulle belydenis van geloof gedoen het nie, aangesien hulle weer in hul kleingroepe opgeneem word en gereed gemaak word om verder te dien in die kerk (CIA, kleingroepe ens. of nuwe gemeente wanneer hulle die huis verlaat.
- Indien dit sou gebeur dat 'n dooplidmaat teen Graad 12 nie die behoefte het om belydenis af te lê nie, en die formele jeugbediening is verby, word daardie persoon steeds aangemoedig om in die bediening in te skakel om te groei tot geloofsekerheid, soos enige ander lid van die gemeenskap.



**Die pad vorentoe:**

'n Ouervergadering word beplan vir ouers van alle dooplidmate vir 18 September 2016 na die oggendediens om verdere vrae en insette te ontvang en toeligting te gee. Maak asb. seker dat jy dit bywoon indien dit van toepassing is op jou.



Koördineerder:

**Maureen van Helden**

Tel: 082 392 2093

E-pos: maureenvanhelden@gmail.com

## Erediensbeplanning-span

### Doel van die diensgroep

- ✓ Om, wanneer nodig, saam te dink oor alle sake rondom die verdere verryking van ons eredienste
- ✓ Om beplanning te doen vir spesiale eredienste en geleenthede

### Bedieningsgeleenthede

- ✓ Daar is nog baie geleentheid om permanent of *ad hoc* deel te neem aan bediening in hierdie area!


### Spanafdelings

- ✓ **Woord- en gebedsbediening:**  
Prediking en voorbidding
  - ✓ **Eredienste en byeenkomste:**  
Benutting van liturgiese ruimte en kerkgebou, ouderlingdiensrooster, algemene erediensbeplanning
  - ✓ **Spesiale eredienste:**  
Beplanning vir en koördinerings van spesiale eredienste (saam met die kunstespan)
-

Help vir Simson om die leeu te oorwin!

**S**terk

**S**imson



By die wingeerde van Timna het 'n jong leeu brullend om Simson afgestorm. Die Gees van die Here het vir Simson sterk gemaak. Rigters 14